Universiteit van Pretoria Jaarboek 2017

Politiek 101 (PTO 101)

Kwalifikasie	Voorgraads
Fakulteit	Fakulteit Geesteswetenskappe
Modulekrediete	24.00
Programme	BAdmin Internasionale Verhoudings
	BA Geesteswetenskappe
	BA Regte
	BA Tale
	BA Verlengde program
	BA Visuele Studies
	BPolSci Internasionale Studies
	BPolSci Politieke Studies
	BSocSci Bedryfsosiologie en Arbeidstudies
	BSocSci Filosofie, Politiek en Ekonomie
Diensmodules	Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe
Kontaktyd	3 lesings per week
Onderrigtaal	Aparte klasse vir Engels en Afrikaans
Akademiese organisasie	Politieke Wetenskappe
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

’n Inleiding tot die bestudering van die georganiseerde politieke samelewing op nasionale en internasionale vlak, met spesifieke verwysing na politieke konsepte, benaderings en metodes. Die klem val op die staat en regeerkunde as ontledingsraamwerke inaggenome die belangrikste veranderinge wat deur globalisering veroorsaak word op nasionale en internasionale vlak. Aandag word geskenk aan die verwante dinamika van regime-ontwikkeling, prestasie en verandering op nasionale en internasionale vlak in die lig van toenemende uitdagings aan nasionale soewereiniteit van binne en buite die staat in ’n konteks van ’n groeiende globale agenda wat transnasionale aspekte hanteer soos die omgewing, menseregte, ontwikkeling en humanitêre intervensie.

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word..

Die Algemene Regulasies (G Regulasies) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertroud met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die Algemene Reëls sal wees. Onkunde betrefffende hierdie regulasies en reels sal nie as ‘n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.